



# Die stryd teen snywurms 'begin by onkruidbekamping'

Voordat boere snywurms doeltreffend kan bekamp, moet die onkruid wat die wurms voed en beskerm, eers doeltreffend bestry word, sê prof. Johnnie van den Berg, hoof van die geïntegreerde plaagbestuursgroep aan die Noordwes-Universiteit.

**C**hemiese bekamping is nie die eerste wapen wat 'n boer moet inspan teen snywurms nie. Sô het prof. Johnnie van den Berg vir Oos-Vrystaatse boere gesê op 'n boeredag van Bayer op Jaco Breytenbach se plaas, Lorenzo, naby Fouriesburg.

Hierdie plaag het boere in die oostelike somersaangebiede, veral in die Oos-Vrystaat, die afgelope paar jaar groot skade berokken. Aan die begin van die huidige somerseisoen was daar boere wat dele van

hul landerye moes oorplant nadat die snywurms die saailinge morsaf gevreet het.

Daar moet holisties en wyd na antwoorde gesoek word.

“Daar is boere wat sê die insekte se gedrag het verander en die insekdoder werk nie meer nie, die snywurms is daarteen bestand. Nee, insekte se gedrag het nie verander nie en die meeste insekdoders is nog doeltreffend.

“Wat verander het, is die bewerkingspraktyke in die maand of twee voor plant-

**Die wortel van die kwaad.** Aan die begin van die huidige somerseisoen was daar boere wat dele van hul landerye moes oorplant nadat snywurms die saailinge morsaf gevreet het. FOTO: KOBUS BEYERS

tyd. Ek dink dit is waar die moontlike antwoord op die probleem lê,” het Van den Berg gesê.

## Verstaan die lewensiklus van die mot

Snywurmmotte is reg deur die jaar bedrywig – ook in die middel van die winter. 'n Mot kan tot 2 000 eiers lê wat dan uitbroei en deur larwestadium gaan.

“Dit is in die stadium waar die moeilikheid begin. In die somer, as dit lekker warm is, is die larwestadium 42-56 dae. Maar in die winter kan die larwe 100 tot selfs 140 dae in die land lê waar daar onkruid is. Dan word dit 'n papie en dan kom daar weer 'n mot uit.”

Die hele siklus word deur temperatuur en beskikbare voedsel aangedryf.

“En die kos waarop hulle voor planttyd oorleef, is onkruid.”

Van den Berg het verduidelik die motte en larwes is reg deur die jaar in die lande of in die veld rondom, waar daar ook al onkruid staan.

“Onkruid is die plaag se natuurlike gasheer. Die eiers word meestal op onkruid gelê, maar ook op mielies. Die larwes wat in die somer skade berokken, se eiers is al lankal terug in die winter in onkruid gelê.”

Temperatuur is belangrik om die lengte van die lewensiklus te bepaal.

“As die gemiddelde temperatuur 18 °C is, soos in ons winter, dan duur dit 72 dae voordat die larwe uitbroei totdat hy 'n papie word. As die gemiddelde temperatuur net een graad hoër is, verkort die siklus na 60 dae. By 'n gemiddelde temperatuur van 28 °C is die siklus 43 dae.

## Verskeie onkruidsoorte is gasheerplante vir snywurms

Die heel belangrikste gasheerplante wat snywurms huisves en voed, is onkruid, maar snywurms kan honderde spesies plante vreet indien dit in saailingvorm is.

“Plante met rosetvorms wat plat op die grond lê, is waar die wurmpies sal bly, want dit bied goeie beskerming,” het Van den Berg verduidelik.

Enkele voorbeelde van die onkruidsoorte waarvan snywurms hou, is rooi papawers (*Papaver aculeatum*) die skraalhansgroep (*Conyza*-spesies), *Raphanus raphanistrum*, *Oenothera stricta*, *Walafrida densiflora*, *Nemesia floribunda*, *Argemone subfusiformis*, *Senecio consanguineus* en *Heli-chrysum argyrosphaerum*.

Die aantal snywurms wat deur die winter tot planttyd oorleef, bepaal hoeveel tydens planttyd teenwoordig gaan wees.

“Klein larwes, tot so 15 mm lank, bly uit-sluitlik bo-op die grond onder die onkruid se rosette, en daar waar 'n gat in die grond is met 'n bietjie plantmateriaal wat hulle net binne-in die gat kan vreet, maar hulle gaan nie onder die grond in nie.”

Die groot larwes, daarenteen, bly binne en onder die grond en hulle kom meestal snags uit om te vreet. “As daar voedsel bo die grond beskikbaar is, sal die larwes baie rondbeweeg en vreet, selfs vier uur per nag.”

### Stoppels en gewasreste nie die probleem

Verlede seisoen is ook baie gepraat oor die moontlikheid dat wurms voor planttyd

dalk stoppels en gewasreste op die grond vreet. Van den Berg het gesê navorsing is gedoen wat wys dat groot larwes, die soort wat die skade aanrig, nie langer as tien dae op stoppels kan oorleef nie. “Die stoppel bied hoofsaaklik beskerming vir die larwes. 'n Droë stoppel het geen voedingswaarde vir 'n snywurm nie.”

Die stoppels wat op die land lê, kan wel 'n impak hê op die chemiese bespuiting wat gedoen word en hoeveel daarvan die grond bereik.

Daar is nie 'n spesifieke oplossing wat op elke plaas gaan werk nie. Dit varieer tussen distrikte, plase en selfs op verskillende lande op een plaas, het Van den Berg beklemtoon.

“Dit is 'n dinamiese stelsel waarmee ons hier te doen het. Die sleutelfaktor hier is die aantal wurms wat die winter gaan oorleef, en die winteronkruid skep die ‘groen brug’ wat snywurms help om van een seisoen tot die volgende voort te gaan.”

Die tradisionele aanbeveling was altyd om ál die onkruid wat ná strooptyd in die lande opkom, dood te maak en die lande vir minstens vyf weke voor planttyd onkruidvry te hou. “Dan is daar nie in daardie tyd kos vir die wurms nie. Hulle vrek van die honger en jy kan maar plant. Maar dié praktyk het verander en dit pas nie meer

noodwendig in by die hedendaagse bewerkingsmetodes nie.”

Tog meen Van den Berg hoe korter die tydperk tussen onkruidbewerking en planttyd is, hoe groter word die kans vir 'n snywurmprobleem. Hy het aanbeveel dat boere doodseker moet maak die chemiese onkruidbekamping wat hulle voor planttyd doen, die sogenoemde *burn-down*, geskied lank genoeg voor planttyd om die onkruid te laat vrek sodat die wurms verhonger en vrek voordat die saailinge opkom.

“As jy onkruid meganies bekamp, is twee of drie weke voor jy plant eintlik kort, want die wurms gaan oorleef. Hulle kan vir drie of vier weke oorleef tot daar saailinge is.”

### Doen chemiese plaagbekamping op die reg manier

“Julle sal opmerk dat ek nog nie een woord oor chemiese plaagbekamping van die wurms self gesê het nie,” het Van den Berg aan sy gehoor uitgewys en bygevoeg 'n hele paar insekdoders is geregistreer wat almal ewe goed kan werk. Navorsing gaan vanjaar gedoen word om vas te stel hoe lank die onderskeie insekdoders se residu op die grond aktief bly.

“Die belangrikste as dit by chemiese bekamping kom, is dat 'n mens by etiket-aanbevelings moet bly. Die grond moet klam wees as jy bespuit – anders kom die wurms nie boontoe om daardie twee tot vier uur per nag rond te loop en sodoende kontak te maak met die insekdoder nie.”

Sy aanbeveling is dat boere verkieslik laatmiddag die insekdoder toedien sodat dit vir 'n tyd op die grond kan lê voordat die warm son dit begin afbreek. “Daar moet minstens 'n klammigheid wees daardie eerste nag sodat die wurms opkom om met die insekdoder in aanraking te kom.”

Van den Berg het gesê sover navorsers kon vasstel, is daar nie enige genetiese weerstand by die insekte teen die plaagdoders nie. “Ons hou egter aan toets. Aanduidings tans is steeds dat die verhoogde voorkoms van snywurms meer te doen het met bewerkingspraktyke en die onkruid wat op die lande staan.” **LBW**



Vet larwes soos dié, wat skade aan jong gesaaides aanrig, is minstens 42 dae oud en het waarskynlik oorleef op onkruid in die land voor bewerking. FOTO: JOHNNIE VAN DEN BERG

NAVRAE: E-pos: [johnnie.vandenber@nwu.ac.za](mailto:johnnie.vandenber@nwu.ac.za)